

**13 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 40:18**

### **Die evangelie van die Ou Testament**

Jesaja roem in hoofstukke 40 tot 66 in die grootheid van God. Hy sê: “Wie is aan Hom gelyk?” Die tema is: God, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde.

Waarom begin hierdie troosboek van die Ou Testament nie met die aankondiging van die koms van die Messias nie? Eers in hoofstuk 53 kry ons hierdie aankondiging. Eerstens omdat die Messias deur God beskik word. Hy word aangekondig en kom op die tyd wat deur God bepaal is. Tweedens speel die omstandighede waaronder hierdie troosboodskap kom ook 'n rol. Die ballinge se ellende kom tot 'n einde, maar die volk wil dit nie glo nie! Daarom wys die profeet hulle eers op die Almag van God. 'n Druppel in 'n emmer, 'n stoffie aan 'n weegskaal, só is hulle en die volkere van die wêreld. Tog red God hulle! Vandag is dit nie anders nie. Ons redding uit sonde is 'n magsdaad van God. In hierdie magsdaad word sy liefde vir ons sigbaar.

In die lig hiervan moet die dubbele opdrag aan die HERE se profete verstaan word: “Troos, troos my volk, sê julle God”. Die vroulike vorm herinner aan die bruidskerk en volk van die HERE en teken die verhewe liefde van God vir sy volk en kerk. Die kern van die troos is: “Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes.” Die troos word breedvoeriger uitgewerk in die volgende verse en hoofstukke.

*Sing: Psalm 75:1*

*Ds FJ du T Lessing (Emeritus)*